

*Verlede week het ons vir mekaar bevestig*

1. **Dat Sendingwerk nodig is:** Ons moet sendingwerk doen om **tot seën** te wees van die hele wêreld! Daarby is Sendingwerk **God se opdrag** aan ons (bv Matteus 28:19-20); en
2. **dat ons *nie net* met ons voorbeeld kan getuig nie, maar ook met woorde aan mense die blye evangelie van verlossing in Jesus moet vertel. LEES WEER** as groep Romeine 10:13-15 asook 1 Petrus 3:15.
3. **Om punt 2 prakties te kan doen, het ons nodig om die inhoud van die Bybel beter te ken!** Ons sien dit bv. in Handeling 17:1- 4:

*(1) Paulus-hulle het deur Amfipolis en Apollonië na Tessalonika toe gereis, waar daar 'n Joodse sinagoge was.*

*(2) Soos dit Paulus se gewoonte was, het hy daarheen gegaan en op drie sabbatdae na mekaar uit die Skrif met die Jode geredeneer.*

*(3) Hy het die Skrif uitgelê en daaruit aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dood moes opstaan. "Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig," het hy gesê, "Hy is die Christus."*

*(4) Party van die Jode het oortuig geraak en by Paulus en Silas aangesluit. 'n Groot aantal godvresende Grieke en 'n aansienlike getal vooraanstaande vroue het ook nog bygekom*

**PRAAT SAAM AS GROEP:** Wat kan ons doen om die inhoud van die Bybel beter te leer ken?

4. **PRAAT SAAM:** Is Sendingwerk maklik? Is dit maklik om ander van Jesus te vertel? Hoekom is dit nie altyd nie? Wat maak dit moeilik?

BESEF: Die realiteit is dat ons ander van Jesus moet vertel selfs al beteken dit dat ons ly as gevolg daarvan, bv soos ons lees in **2 Timoteus 2:**

*(3) Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus.*

*(9) Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie.*

*(10) Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlijkheid kan ontvang.*

5. **Ons het 'n plig om sendelinge/mense wat die evangelie verkondig, te ondersteun,** bv soos ons lees in 3 Johannes:
  - (5) Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie.*
  - (6) Hulle het hier voor die gemeente vertel van jou liefde. **Help hulle** asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag,*
  - (7) want hulle is **op reis om Christus te verkondig**, en hulle ontvang niks van die heidene nie.*
  - (8) **Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou**, sodat ons daardeur **ons deel kan bydra** tot die verspreiding van die waarheid.*

**PRAAT SAAM:** Ons moet hulle finansiële ondersteun, maar dit moet nie daarby ophou nie. Op watter ander maniere kan ons hulle ondersteun?

## 6. BID SAAM VIR ONS GEMEENTE SE SENDELINGE/SENDINGGEBIEDE